Hoe om ‘n boomskattejag te hou

Kinders leer soveel vinniger die oomblik as iets ‘n kompetisie is en veral as daar pryse op die spel is. Meng boonop bietjie tegnologie by en dan leer hulle die inheemse plante 1-2-3!

? Stappe

1. Identifiseer ‘n park met ‘n verskeidenheid inheemse plante.
2. Neem foto’s van die kenmerkendste blomme/bome/struike en stel ‘n ‘fotogids’ op wat ‘n foto, die naam en eienskappe bevat van elkeen. (Sien Bylae A.)
3. Stel ‘n vraelys op met ongeveer 10 aktuele vrae. (Sien Bylae B.)
4. Stel ‘n antwoordblad op met ongeveer 20 moontlike antwoorde (ingesluit die werklike antwoorde van die 10 aktuele vrae) waaruit die kinders kan kies. Langs die moontlike antwoorde is die naam van ‘n inheemse blom/boom/struik wat in die fotogids gevind kan word, asook ‘n kolom waarin hulle kan aandui watter vraag se antwoord dit is. (Sien Bylae C.)
5. Die kinders kom in die parkie bymekaar per span en elke span moet ‘n selfoon saambring waarmee foto’s geneem kan word.
6. Die kinders beantwoord die vrae op die vraelys deur te kies uit die moontlike antwoorde op die antwoordblad en skryf die vraagnommer langsaan neer.
7. Die kinders soek die blom/boom/struik langs die moontlike antwoord wat hulle gekies het in die fotogids.
8. Die kinders hardloop in die parkie rond en neem die blom/boom/struik af in die parkie.
9. Sodra hulle die 10 foto’s geneem het bring hulle dit na die offisier wat dan ‘n punt gee vir elke korrekte foto, maar net indien die regte vraagnommer langs die blom/boom/struiknaam geskryf is. (Dus moet beide die vraag reg beantwoord gewees het, sowel as die foto reg geneem gewees het vir ‘n punt.)

☺ Wenke

1. Laat minstens 1 uur tyd toe vir ‘n skattejag van 10 vrae, afhangende van hoe groot die parkie is.
2. Die boomskattejag kan elke jaar herhaal word deur bloot ander vrae te vrae en die moontlike antwoord kolom aan te pas.
3. Die vrae moet opgestel word volgens die ouderdom van die kinders wat aan die skattejag gaan deelneem en verskillende vraelyste kan gebruik word bv. vir die Verkenners, die jonger Penkoppe en Drawwertjies en die ouer Penkoppe en Drawwertjies.
4. Voortrekkerwerk kan in plaas van aktuele vrae gevra word.
5. Moet liefs nie ‘n fotogids saam met die span stuur nie. Hulle leer die plante beter ken deur na die foto te kom kyk en dan te probeer onthou hoe dit gelyk het terwyl hulle dit soek.
6. Die kinders met internetfasiliteite op hulle selfone kan selfs die bome ‘Google’ in plaas daarvan om na die gedrukte fotogids te kom kyk.

☠ Waarskuwings

1. Maak seker die parkie is veilig en die kinders moet almal saam in ‘n groep bly (maak dit deel van die skattejagvereistes!)

🕮 Bronne

1. Daar is ‘n verskeidenheid goeie boomgidse op die mark, maar die beste bly maar om die identifikasie in jou fotogids te laat nagaan deur ‘n kenner.